Waar lê jou hart?

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skriflesing: Mt.6:19-24

Elke mens het gewoonlik iets wat vir hom of haar vreugde verskaf. Jy kan gewoonlik sien waar iemand se hartsbelange lê deur net te kyk waaraan hy/sy die meeste tyd en geld spandeer.

- As jy mal is oor jag, sal jy baie tyd en geld daaraan spandeer.
- As jy mal is oor draf, gaan jy ure op die pad deurbring (Ek hoor dis verslawend!)
- As rykdom vir jou belangrik is, kan jy 'n werkolis word. Jy kan selfs 'n vroom dekmantel voorhou dat jy vir jou gesin wil sorg, maar eintlik wil jy net geldmaak om ryk te word!
- Ek ken 'n sakeman wie se lewe net om geld maak draai. Hy hardloop hom morsdood en is elke dag met nuwe projekte en nuwe poginge besig om 'n groot klomp geld te maak. Hy gaan lenings aan en waag transaksies. Hy is baie besig. Hy koop kort-kort nuwe voertuie, en wil elke keer net die beste en die grootste van alles besit. Of dit nou 'n TV, rekenaar, kamera of motor is. Hy het 'n obsessie om net die nuutste en beste te besit. Hy het egter nie tyd vir enigiets anders as geldmaak nie! Sy gesin begeer dat hulle net af en toe rustig saam kan kuier. Daar is egter nie tyd nie.
- Jesus het egter 'n ander bedoeling wanneer Hy oor geld praat.

1. Skatte bymekaar maak

- Wanneer geld vir jou belangrik raak, raak dit jou godsdiens! Jy kan tot glo dat dit God se plan met jou lewe is! Sekere predikers verkondig selfs 'n voorspoed teologie. Die tydskrif *Time* het in 2006 in 'n opname bevind: Altesaam 61% van alle Christene in die VSA glo dat God wil hê hulle moet welvarend wees. Byna 'n derde van hierdie Christene stem saam dat die manier om ryk te word, is nl. wanneer mens jou geld vir God gee, God jou met meer geld sal seën.
- In die Bybel lees ons, kort na Pinksterdag dat gelowiges hulle besittings vir mekaar begin weggee en vertrou dat God vir hulle sal sorg. Dink jy hulle doel was om ryker te word? Ons lees nie dat hulle ryker in terme van geld geword het nie, maar ons lees dat hulle ervaar het dat God sorg.

Jesus verbied ons nie om materiële besittings te hê vir selfversorging nie. Hy het dit ook nie teen rykdom nie. Trouens Hy gun dit ons. Hy het dit egter teen geldgierigheid, wanneer ons lewe enkel en alleen draai om die bymekaar maak van aardse rykdom!

- **Jesus wil ons aanspoor om te fokus op die dinge met blywende waarde.** Die dinge wat ook vir God 'n prioriteit is. Hier op aarde raak ons skatte soms nutteloos. Diewe steel ons aardse skatte, dit roes of gaan uiteindelik tot niet. Wanneer ons egter ons tyd en geld belê in die dinge wat vir God belangrik is, het dit blywende waarde.
  Jesus wil graag vir ons oorvloed gee. Die soort rykdom wat Hy wil gee is iets waarvoor die rykes blind is, maar wat die armes verstaan. Rykdom in mekaar, in liefde, in vreugde, in God, in blywende waardes.
- **As geld die einddoel van 'n mens se lewe geword het**, word jy daardeur vasgevang en afgesny van God en ander mense se behoeftes. Jou hele lewe begin draai om die bymekaarmaak van geld. Jy werk lang ure. Jy druk jouself tot die uiterste. Die ergste, jy verval so in 'n gejaag na geld dat jy nie 'n ander leefstyl kan leef nie! Jy jaag jouself van die een taak na die ander. Jy maak net bymekaar! Jesus noem so iemand 'n dwaas! ***Luk.12:20-21*** *"Maar God het vir Hom gesê: Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie."*
  - **Jesus leer dat die regte gebruik van geld,** is om toe te sien hoe jou geld onder andere vir God se behoeftes en ander mense se behoeftes aangewend kan word.
  - **Maak jou geld dit vir jou moontlik om ander mense te help?** As dit die geval is, is jy besig om ewige skatte in die hemel bymekaar te maak.
- **'n mens kan nooit die dinge wat jy doen, losmaak van die dinge waarin jy glo nie.** Jou prioriteite blyk duidelik uit die dinge wat jy bymekaar maak. Die dinge waaraan jy jou meeste tyd, geld en energie spandeer vertel ook waar jou hart of jou skat lê.

2. Die gevolge van gierigheid.

Lees Luk.12:15 "Toe sê Hy vir hulle: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie."

Wat is die gevolge van gierigheid:

Wanneer dit finansieel voorspoedig gaan en jou bankrekening vet is, is mense geneig om selfversorgend en selfstandig te voel. Hoe ryker jy word hoe moeiliker word dit om nederig en diensbaar te wees. Gerief en weelde speel al groter rol in jou besluitneming. Dit word ook al belangriker om "in" te wees by die rykes.

Daar is veral vier gevare:

- **Misplaaste vertroue:** Om op rykdom te vertrou eerder as op God. ***Spr.11:28*** *"Wie op rykdom staatmaak, kom tot 'n val; wie reg doen, floreer soos groen blare aan 'n boom."*
- **Selfsugtigheid:** (bv. om selfsugtig net skatte vir jouself bymekaar te maak en nie weg te gee vir die behoeftiges of die uitdra van die evangelie van verlossing nie.)

  In Mt. 19 kom daar 'n baie ryk jongman na die Here. Die man het regtig begeer om die Here te dien. Hy was 'n besondere gemanierde man. Hy het sy ouers gerespekteer, hy het nooit gejok nie, hy het nooit met vrouens gelol nie. Hy was werklik eerlik en hardwerkend en boonop het hy werklik sy medemense lief gehad. Die hele gemeenskap het na die jongman opgesien. Hierdie jongman het gehou van wat Jesus leer, daarom het hy na Jesus gekom. Hy wou graag die ewige lewe hê! Hy vra vir Jesus wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry? Jesus het baie goed geweet dat die jongman voorbeeldig gelewe het. Daar was egter net een probleempie. Geld was vir die jongman baie belangrik gewees. Jesus het dit geweet.

  Daarom sê Jesus vir hom in ***Mt.19:21****"As jy volmaak wil wees ('n beelddraer van God wil wees), gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My."*

  Dit is baie duidelik dat dit net hierdie een enkele aspek "geld" tussen hom en die Here gestaan het! Ons weet jy hoef nie ryk te wees om selfsugtig te leef nie. Arm mense kan ook selfsugtig wees.

  - Ek onthou 'n **voorbeeld uit my eie lewe** toe ek nog 'n arm student was. My kitaar was vir my so kosbaar! Ek wou dit nooit na kampe neem waar dit kon beskadig nie. Ek was lekker selfsugtig gewees. Totdat die Here my eendag 'n les geleer het en ek amper my kitaar verloor het.
  - **Die mooiste voorbeeld van onselfsugtigheid** het ek op die sendingveld in Angola beleef. Waar iemand wie se totale aardse

besittings slegs twee hoendertjies was, die een hoendertjie aan my geskenk het vir voedsel!

- **Gierigheid**: ’n Mens wat gierig is, kan nooit genoeg kry nie. Hy wil altyd meer en beter hê. Jou prioriteite verskuif na ’n gulsige gejaag na wêreldse besittings in plaas van die dinge wat vir God belangrik is. Jou prioriteite word later heeltemal skeef getrek. Gierigheid hoef nie altyd oor baie geld te gaan nie. Jy kan ’n obsessie oor enige ding ontwikkel. ’n Arm mens kan ook ’n obsessie oor geld hê. Jy kan genoeg hê en steeds vir almal vertel hoe arm jy is en hoe swaar jy kry met die bedoeling om te skimp vir aalmoese. Iemand wie se aandag en energie net om geld draai (maak nie saak hoe welgesteld die persoon reeds is nie), is gierig.

- **Voorbeeld:** Neem die drang na beter motors. Jy is dalk ontevrede met wat jy het. Jy het ’n onversadigbare drang na beter en beste! Jy weet dit gaan jou finansieel tot stilstand ruk. Dit gaan al jou geld opsuig en selfs jou tiende wat jy vir die kerk moet gee, opeis, maar jy gaan voort met die transaksie. Jou gierigheid om die vinnigste motor te besit verwoes dus die balans in jou lewe! ’n Beter opsie sou wees om dit ’n gebedsaak te maak en by God te hoor of jy dit werklik nodig het! Hoor eers waar Vader se hart lê!

- Die tipe ding gebeur elke dag. Dit hang net af waar jou belangstelling lê. Dit kan ’n rekenaar, ’n sportsoort, ens. wees wat al jou tyd, geld en energie opsuig. Uiteindelik verloor jy balans in die lewe.
    - Let op hoe dit uiteindelik jou mense verhoudinge, jou karakter en jou waardes skeeftrek. ***Kol.3:5*** *vergelyk gierigheid met afgodery! Dit is waar dat geld jou god kan word!*
    - ***1Tim.6:9-11*** *“Maar die wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word. Geldgierigheid is ’n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal.”*

3. Gebruik jou skatte reg

Dit is duidelik dat Jesus ons aanmoedig om ons besittings op die regte wyse te belê in God se koninkryk.

Vraag: Hoe kan ons finansiële seën kry?

- Ons weet ons moet hard werk om sukses te behaal. Nogtans gee God rykdom en sukses uit genade, dit is nie ons harde werk wat rykdom bring nie. ***Deut.8:17-18*** *"Jy kan dalk dink; my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf."*
- Wanneer ons die Here dien en ons vreugde daarin vind om God se Woord te gehoorsaam, seën hy ons. ***Ps.112:1-5*** *"Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here. Sy nageslag is 'n sterk krag in die land, die geslag van die opregte word geseën: daar is oorvloed en rykdom in sy huis. Wat hy doen is reg en blywend: hy laat sy lig in die donker uitstraal vir die opregtes, hy is genadig, barmhartig en regverdig. Dit is 'n goeie mens wat hom ontferm en wat uitleen en in al sy sake reg optree."*
- Ons moet nederig bly. ***Spr.22:4*** *"Wie nederig is, dien die Here en ontvang rykdom, eer en lewe.*
- Die wet van saai en maai. Vergelyk Paulus se ingesteldheid teenoor geld **Lees: 2Kor.9:6-14**
  Paulus verduidelik die wette van saai en maai. Hoe meer jy weggee (saai) in God se diens, met hoe meer sal God jou vertrou en sal jou insette veelvoudige oes lewer in God se Koninkryk (maai). Jou vrygewigheid sal maak dat baie mense eer aan God eer toebring.
- Sorg eers vir jou eie mense. *Ons leer dat ons eerste verantwoordelikheid altyd is om die mense wat God aan ons sorg toevertrou het (huisgesin) goed te versorg en daarna na ander uit te reik.* ***1Tim.5:8*** *sê: "As iemand nie vir eie mense en veral nie vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as 'n ongelowige."*

- ***Vraag: In watter mate moet jy die middele tot jou beskikking anders aanwend*** **sodat die waardes van die koninkryk daardeur bevorder word?**

4. Die lamp van die liggaam is my oog! (vers 22-23)

Wat beteken dit?

- **Alles wat jou oog sien, beïnvloed jou denke**. As jy bv. mooi dinge lees of sien word jou gedagtes gevul met mooi dinge. Die teenoorgestelde gebeur as jy bv. na slegte DVD's kyk, of swak boeke lees. Dit vul jou gedagtes met

negatiewe dinge. In dieselfde konteks kan jy na dinge kyk wat jy nie het nie, en nie kan bekostig nie, maar begeer om te kry!

- **Wanneer ons die Bybel gereeld lees en in 'n gebedsverhouding met God leef, groei ons kennis en geestelike insig.** Dit stel ons in staat om te sien wat God in hierdie wêreld met ons lewens wil doen. Selfsugtige belange en begeertes daarteenoor, vertroebel geestelike insig. Daarom moet ons oog gevestig wees op God en die goeie dinge.
- Lees ***Luk.11:34 -36***.Wanneer ons "oog" goed is (helder, gesonde denke), sien ons dinge vanuit 'n ewige perspektief. Dan sal ons na dinge kyk vanuit god se lig en dit sal nie die gierigheid en gulsigheid in ons wakker maak nie, maar eerder ons nederig en diensbaar laat word in God se Koninkryk.
- ***1Joh.2:15-17*** sê: "*Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe."*
- Daarom word ons in ***Ef.4:23-24*** opgeroep tot 'n nuwe geestelike fokus: *"Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgend die wil van God en wees heilig."*
- ***Kol.3:1-3*** sê: *Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daar bo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daar bo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie…"*
- ***Rom.12:2*** sê: *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."*

  Dit is baie duidelik dat Jesus vir ons wil leer dat daar 'n radikale verskil in denke is tussen *iemand wat sy oog op materialistiese aardse besitting hou en iemand wat sy oog rig op die hemelse skatte* wat vir God belangrik is. Jesus roep sy luisteraars op om 'n keuse te maak. Jy kan nie allee rigtings tegelyk volg nie!

5. Kies tussen God of Mammon (Mt.6:24)

- **Mammon verwys na geld, besittings of rykdom waarin mense hul vertroue stel.** Dit vervreem hul van God en maak die mens tot slaaf. Dit word ook die

oneerlike Mammon genoem omdat geld of rykdom baie keer op ’n oneerlike wyse verkry word (Luk.16:9,11). Dit word ook dikwels as valse sekuriteit voorgehou, wat die mens in die uur van sy sterwe in die steek laat.

- **Ek en jy kan nie twee base tegelyk dien nie**(Luk.16:13). Jy gaan een van die twee afskeep. Dit is nie moontlik om Jesus en die Satan tegelyk te dien nie. Dit is nie moontlik om tegelyk vir Jesus te dien en materialisme (najaag van rykdom en besittings) jou God te maak nie. ***Ons leef in ’n materialistiese wêreld waar mense in diens van geld is. Hulle lewe draai om die bymekaar maak van geld, maar as hulle sterwe bly die geld in elk geval agter***. Hulle sug na geld en hul verlange na geld is baie sterker as hul verbondenheid aan God en geestelike dinge.
- **Let op hoeveel tyd en krag mense bestee aan dit wat hulle bymekaarmaak**! Wat dit ook al is wat jy bymekaar maak, moenie in die strik van materialisme trap nie. ***1Tim.6:10*** sê: *“Geldgierigheid is ’n wortel van allerlei kwaad.”*
- **Lig en duisternis staan teenoor mekaar**. Heilige God en ’n onheilige wêreld staan teenoor mekaar. Waarop is jou hart gerig? Kies vir Jesus en hou balans met jou besittings! Kinders van God kies dinge met ewige en blywende waarde.

- **Neem nou ’n paar oomblikke van stilte. Bid in stilte en vra God waar jou prioriteite moet verander.**
    - *In watter mate moet jy die middele wat God reeds tot jou beskikking gestel het, anders aanwend sodat die waardes van God daardeur bevorder word?*
    - *Waar is jy besig om materiële dinge jou prioriteit te maak in plaas van om met ’n geestesoog na God se belange te kyk?*

Amen